November 2023
Guardian-plan

Geagte Lid

**VOORDELE EN BYDRAES VIR 2024**

Transmed stel hiermee die Fonds se voordele vir 2024 bekend. ‘n Voordelegids is saam met hierdie brief ingesluit om u te help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u plan die beste te bestuur.

**Voordele vir 2024**

Transnet voorsien steeds aansienlike befondsing om die Guardian-plan te onderhou, wat die Fonds in staat gestel het om alle bestaande voordele op hierdie plan in 2024 te behou.

- Voordeellimiete is in lyn met verwagte tariefverhogings verhoog.
- Sekere toerusting- en prosteselimiete is verhoog in lyn met die huidige koste van toerusting en prostesisse.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediens-departement by 0800 110 268 en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraeverhogings vir 2024**

Bydraes sal met 2% verhoog word. Die ingeslote voordelegids vir 2024 verskaf volle besonderhede.

*Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.*

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die 24-uur-voorafmagtigingsdiens (tolvry by 0800 225 151) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys tydens ‘n noodgeval en wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is elke dag vir alle toelatings beskikbaar en na-ure, oor naweke en openbare vakansiedae tydens noodgevalle.

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak Europ Assistance asseblief by 0800 115 750. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Hello Doctor**

Hello Doctor is ‘n selfoongebaseerde diens wat u voorsien van direkte toegang tot gekwalifiseerde dokters vir gesondheidsadvies en -inligting op u foon, tablet of rekenaar.

Indien u mediese raad benodig, versoek 'n oproep of aanlyngesprek deur by ons app of webtuiste aan te teken. Andersins kan u *120*1019# skakel en die aanwysings volg. Vir tegniese ondersteuning, stuur 'n WhatsApp-boodskap na +27 73 778 4632.

*Vervolg op keersy*

**Veranderinge aan u bank- en kontakbesonderhede**


Verseker asseblief dat Transmed u jongste bank- en kontakbesonderhede het en stel die Fonds in kennis as enige van u besonderhede verander.

Dit is van die uiterste belang dat Transmed-lede se besonderhede op datum is op ons stelsel ten einde kommunikasie te vergemaklik.

**Ten slotte**

Ek wil u en u gesin namens die Raad van Trustees ‘n gesonde en voorspoedige 2024 toewens.

Vriendelike groete



**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE